

Preekvoorligting Sondag 14 Oktober 2018

Skriflesing: Matt 12: 38 – 42

Teksverse: Matt 12: 41b, 42b

Tema: Gelowige sien – Christus is hier!

Dit gebeur soms dat wanneer dit oor godsdienste gaan, dit vir 'n mens voel dat jy maar so min of meer deur dieselfde oorbekende oefening keer na keer gaan. Waar is die opwindende in die godsdienste, wil 'n mens vra, die bietjie drama wat die verbeelding opnuut aangryp? Die Skrifgeleerdes en Fariseërs van destyds vra ook hierna – hulle wil 'n “teken” sien, nie 'n gewone teken nie, maar 'n “hemelse teken”.

1. Christus se antwoord aan die skrifgeleerdes en Fariseërs

Christus doen geen “hemelse teken” soos wat hulle gevra het nie, maar sê die volgende: “ ‘n Slegte en owerspelige geslag soek na ‘n teken”. Hierdie manne vra vir 'n teken, hierdie manne vra vir iets wonderbaarlik en dit terwyl die gebeure van vers 13 en 22 sopas afgespeel het. Hulle wil dinge sien, terwyl hulle blind oor dit wat wel gebeur, die wonders wat die Seun van God doen, kyk. Maar Christus gaan verder as net hierdie bestraffende woorde – Hy verwys na die “teken van Jona”. Jona was drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis waarna hy op droë grond uitgespoeg was. Hierdie gebeure word deur Christus op Homself toegepas en die “teken van Jona” genoem. Hy sou ook as't ware ingesluk word om dan weer na 3 dae te voorskyn te kom (dood en opstanding). Jona het wonderlike dinge gedoen, Salomo het met groot gesag gepraat, maar kyk wat sou Christus doen – Hy sou die dood oorwin. In die woorde van die teksverse: Soveel meer as Jona, soveel meer as Salomo is hier.

2. Christus se antwoord as toepassing op ons

Ons is 'n klompie mense bymekaar en dit gaan maar baie voorspelbaar hier – die een Sondag lyk maar soos die ander (reeds daarna verwys in die inleiding). Die “manier van doen” in sekere opsigte oorbekend en met die eerste oogopslag lyk dit heel moontlik asof hier nie veel gebeur nie. Dit is nou nie asof “die dowes begin hoor, die stommes begin praat, die siekes gesond word” in 'n Bybelse sin nie. Is ons met hierdie gewaarwording nie baie op dieselfde bladsy as die skrifgeleerdes en Fariseërs nie? Vra ons nie ook maar in ons nadink en evalueer van ons godsdienste en ons kerk baie keer indirek vir 'n “teken of tekens” in die sin van opwindende gebeure nie? Maar is dit van pas hierdie “teken-vraery”, al sou dit indirek wees? Verseker nie, want kyk ons terug op die dae wat hierdie dag voorafgaan, sien ons die tekens van die Here is sy bemoeienis duidelik met ons as gemeente en as individuele gelowiges. Die werklikheid in gemeentelike en eie lewe: Meer as Jona is hier, meer as Salomo is hier, die Here self is hier, Christus Jesus is hier. Daarom geen nodigheid om te soek na 'n ander teken soos die skrifgeleerdes en Fariseërs nie – die “teken van Jona” is onder ons (dink maar aan die doop).

In die kerk en ook in hierdie kerk doen die Here steeds groot dinge ongeag die herhaling, die voorspelbaarheid, die oor bekendheid wat daarin gevind word. Werklik Goddelike tekens staan die hele saailand vol, gemeentelik, maar ook in persoonlike lewe. Daarom nie in die kerk, maar ook nie in persoonlike lewe nodig die buitengewone, die opspraakwekkende nie. Ons het die “teken van Jona”, daarom die tydigte oproep: **Gelowige sien – Christus is hier!**